**Sondag 22 Januarie**
**Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:10-16**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:13 (AFR53)**
**Heilig lewe in die lig van Christus se wederkoms begin in jou gedagtes**

Wanneer jy besoekers in jou huis gaan ontvang, bestee jy tyd en energie om alles in orde te kry vir hulle koms. Elke Sondag bely ons dat Jesus Christus weer na hierdie wêreld sal kom. Ons gelowiges wag in gespanne afwagting op sy koms, want Hy is ons Here en Verlosser. Daarom motiveer Jesus se wederkoms ons om heilig te lewe. Dit wil sê, ons wil alles in orde kry vir sy koms.

Ons voorbereiding vir die wederkoms van Jesus begin by onsself en dit begin in ons gedagtes. Ons word opgeroep om die lendene van ons verstand te omgord. In ons kultuur sal ons sê: Rol op jou moue. Die gedagte is om verstandelik voorbereid te wees om daadwerklik heilig te lewe.

Om heilig te lewe, begin in ’n mens se verstand, omdat wat jy dink, bepaal hoe jy lewe. Ons moet die sonde reeds uit ons gedagtes verban en ons bekeer en eerder ons gedagtes vul met die Woord van die Here. Ons gelowiges moet op ons hoede wees waarmee ons ons gedagtes vul, net soos ons moet let op wat ons eet. Gereelde gemorskos gaan nie bydra tot ’n gesonde liggaam nie. Wie sy gedagtes vul met allerhande stories op TV en die geskinder in populêre tydskrifte, sal nie ’n heilige man of vrou word nie.

Om heilig te lewe, begin in ons gedagtes as ons gereeld dink aan ons Verlosser en sy genade. By sy wederkoms gaan Hy die finale verlossing vir ons skenk en ons vernuwe om gelyk aan Hom te wees. Die egtheid van my en jou bekering en geloof in Christus sal vir onsself duidelik word in ons gedagtewêreld.

*Sing: Skrifberyming 14-3:3, 4*

*Ds. CCA Vrey (Coen) (Bellville)*